

Jagluiperd-siekeboeg

Afskeid is bitter swaar

Daleen van Manen

Hartbeespoort. – Mari du Plessis het nooit kon droom haar passie vir optelkatte sou veroorsaak dat sy eendag na siek jagluiperds omsien en selfs grafte in haar tuin oprig nie.

Haar woning naby die Hartbeespoortdam is deesdae 'n re-habilitasiesentrum en siekboeg vir jagluiperds uit verskeie oorde, en sy doen dit uit pure liefde en boonop uit haar eie sak.

“Dit het bloot toevallig gebeur. Ek het altyd weggoikatte en siek katte bymekaarge-maak en versorg. Sowat agt jaar gelede was ek en my man, Cobus, by 'n jagluiperdsentrum in Mpumalanga en die jagluiperds het my gefassineer. Ek was veral aangetrek deur dié wat siek was en meer aandag vereis het.”

Cobus ken sy vrou se liefde vir die katspesie en is self betrokke by liefdadigheid en omgewingsbewaring, en het gevra hoe sy sou voel om na siek jagluiperds om te sien.

“Hy het vir my volgens streng vereistes hokke gebou naby die huis, permitte gekry en voor ek my oë kon uitvee,

was my plek 'n siekeboeg vir jagluiperds.”


Mari werk saam met kenners en veeartse en versorg siek jagluiperds vir jagluiperdsentrums en -teelsentrums.

“'n Mens moenie te betrokke raak by die diere nie. Baie van hulle is wild en moet later in die natuur teruggeplaas word. Persoonlike kontak moet dus beperk word.”

Daar was egter een jagluiperd wat so te sé lid van die gesin was en wie se graf vandag 'n fokuspunt in die tuin is.

“Nandi was die eerste jagluiperd wat ek moes versorg. Sy het spysverteringsprobleme gehad en moes gedurig opgepas word. Sy sou nie weer vrygelaat kon word nie. Dié jagluiperd was die liefdevolste kat wat ek nog gehad het, sy het om die huis gebly en ons oral gevolg. Sy het geen vreemdeling toegelaat om ongenooid by die erf in te kom nie. Vir ses jaar was sy 'n geliefde troeteldier, dit was hartverskeurend toe sy verlede jaar dood is.

“Dit is hartseer om van die diere afskeid te neem wanneer hulle gesond is. Dit is vir my 'n wonderlike voorreg dat ek kan bydra tot die voortbestaan van hierdie manjifieke kat.”



“Mmm, dis lekker...” Mari du Plessis en Amber, een van haar “pasiënte”.

Foto: DALEEN VAN MANEN

ERROR: syntaxerror
OFFENDING COMMAND: --nostringval--

STACK:

/Title
()
/Subject
(D:20080818093743+02'00')
/ModDate
()
/Keywords
(PDFCreator Version 0.9.5)
/Creator
(D:20080818093743+02'00')
/CreationDate
(Hester1)
/Author
-mark-